Gauteng Varswater Oewerhengel Keurings Riglyn beskrywing

1 Hantering van gerei:

1.1 Gooi Afstand:

Hengelaar sal gemeet word aan distansies behaalbaar tov die dag se omstandighede.

1.2 Gooi Akkuraatheid:

Hengelaar moet poog om sover moontlik akkuraat en op een 'kol' te bly hengel om sodoende die vis aan die byt te kry / hou.

2 Persoonlike Voorkoms:

2.1 Vriendelikheid:

Hengelaar moet beleefd en vriendelik optree teenoor mede hengelaars, beamptes, sowel as keurders.

2.2 Persoonlike netheid:

Hengelaar moet geklee wees in die nuutste weergawe van sy klub klere. Klere moet netjies en skoon wees.

2.3 Optrede teenoor andere:

Hengelaar moet hulpvaardig wees teenoor sy mede hengelaars en ten alle tye n vriendelike gedagte raamwerk handhaaf.

3 Spoed en Tempo:

3.1 Aansit van aas:

Aas, sowel as voerbol moet sodoende aangesit word dat dit moontlike foute en / of afgooi van voerbol verhoed. Aas moet netjies aan hoek geplaas word.

3.2 Werp na vangs:

Na die hengelaar die vis in sy hounet geplaas het, moet hy so gou moontlik sy voorbereide strop weer terug in die water kry. Hy moet spoedig optree, sonder om te jaag en daardeur foute te begaan.

3.3 Probleem hantering:

Hengelaar moet aanpasbaarheid kan toon tydens probleem hantering.

3.4 Ekstra stroppe klaar gelaai:

Hengelaar moet n effektiewe hengel metode/proses vertoon. Hengelaar moet ten minste 2 stroppe reeds voorberei / gelaai en gereed he op enige gegewe tyd.

4 Voorbereiding en netheid op pen:

4.1 Aas vir verskillende visspesies waar gehengel word:

Hengelaar se aas voorbereiding moet van so aard wees dat dit die spekrum spesies dek waarvoor gehengel gaan word. Hengelaar moet kan toon dat hy verskeie aas tipes beskikbaar het. (bv wurms, krap, geblikte mielies, deeg, ens ens ens)

4.2 Verskillende stroppe:

Hengelaar moet n reeks stroppe beskikbaar he, en kan toon. Minimum van 50 Rietvlei stroppe (M0, M1, M1.5), 50 Bottom stroppe (lang 'bottoms' met skuifbare hoeklyne (gummies) en veranderbare gewigte) sowel as baber stroppe word verwag.

4.3 Spaar hoeke, swivels en gewigte:

Bring nodige spaar toeristing (hoeke, lode, lyn, gewigte, swivels, ens) om stroppe te kan bou, indien omstandighede dit sou verlang.

4.4 4kg Droee voer en/of gemaalde mielies:

Ekstra droee voer moet in verseelbare houer geplaas wees. Voer moet gemaklik beskikbaar wees, sou dit benodig word tydens die dag se hengel.

4.5 Ekstra voer:

Hengelaar moet altyd meer voer aanmaak as wat benodig word. Die aangemaakte voer moet in aparte houer / emmer gestoor word, weg uit die son uit.

4.6 Poeiers:

Maak seker jy het ten minste rooi poeier, floro poeier sowel as SA poeier beskikbaar langs die water.

4.7 Boldips en geursels:

Boldips moet netjies in kas geplaas word. Boldips / Geursels moet netjies genommer wees om gemaklike gebruik te bespoedig. Bottels moet gevul wees, en skoon wees.

4.8 Netheid en aanbieding op pen:

Hengel area moet so netjies as moontlik gehou word. Niks moet op die grond rondstaan nie. Verwyder alles wat in die hengelaar se pad kan wees.

4.9 Toestand van hengelkas:

Hengelkas moet eenvoudig, maar steeds netjies uitgele wees. Toeristing wat meeste gebruik word, moet gemaklik in die hande gekry kan word. Oortollige toeristing moet verwyder word van hengelkas uit die hengelaar se pad.

4.10 Toestand van hengelkas staander:

Staander moet netjies en skoon wees. Geen roes moet sigbaar op die staander wees nie. Verf / Powdercoat op staander moet netjies vertoon. Staander moet stewig en van goeie kwaliteit wees.

5 Hengel gerei:

5.1 Skoon hengelstokke:

Hengel stokke moet skoon en netjies wees. Stokke 'grips' moet skoon wees sonder aangepakte droee voer en geursels.

5.2 2 Vol Katrolle:

Katrolle moet skoongemaak wees. Hengelaar moet min 6 spaar spoele beskikbaar he van elke gegewe katrol. Spoele moet vol lyn wees en 'leaders' moet daarop gebind wees.

5.3 2 Ekstra hengelstokke + Katrolle gereed in stokstaander:

Spaar stokke moet horisontaal agter die hengelaar opgestel en getoon word. Spaar stokke moet opgestel wees, elk met sy eie katrol en spoel. Lyn moet deur ogies geryg wees van spaar stokke. Stokke moet getoon word op aparte staander.

5.3 1 Hounet:

Hounet moet prakties en eenvoudig bruikbaar wees. Hounet moet opgestel wees aan n goeie stewige hounet staander. Hounet word links van die hengelaar geplaas in die water, sou die hengelaar alleen op n pen hengel. (soos tydens Gauteng Proewe).

5.4 1 Spaar Hounet:

Hengelaar moet ten alle tye n spaar hounet saamneem. Spaar hounet moet getoon kan word.

5.5 2 Heel Skepnette:

Hengelaar moet min 2 skepnette beskikbaar he. Een skepnet moet dieper van aard wees om groter vis (bv groot babers) mee te kan skep. Die 2de skepnet kan vlakker wees om kleiner vis meer effektief te kan skep.

5.6 1 Skoon Handoek:

n Skoon handoek moet beskikbaar wees in hengel area. Handoek word gebruik om hande mee af te droog tydens die voorbereiding van stroppe.

5.7 1 Voer emmer:

Hiermee word verwys na voer emmer by hengel staander. Emmer moet maklik beskikbaar wees.

Voer emmer moet hoog genoeg opgestel wees sodat hengelaar nie hoef te buk of rek om emmer te kan gebruk nie.

5.8 1 Water emmer:

Hiermee word verwys na water emmer by hengel staander. Emmer moet hoog genoeg opgestel wees sodat hengelaar nie hoef te buk of rek om emmer te kan gebruik nie. Water in emmer moet gereeld vervang word tydens die dag se hengel.